CHURCH MUSIC LICENSING
www.traxtudio.co.za
+27 (0) 83 478 1107
Unit 1-3, 6-8 Highstreet, Tyger Valley, 7550, South Africa
support@churchmusiclicensing.co.za

Maart 2025

Aan wie dit mag aangaan,

***In re:* SKRYWE INSAKE BYBEL-MEDIA HANDEL SE MUSIEKLISENSIE EN U GEMEENTE INGEVOLGE DIE WET OP KOPIEREG 98 VAN 1978 (SOOS AANGEPAS).**

U gemeente ontvang hierdie skrywe van Church Music Licensing (CML®), namens Bybel-Media, rakende die betaling van die gemeente se kerkmusieklisensie. CML® het die alleenmandaat om lisensiegelde in te vorder namens Bybel-Media vir *inter alia* VONKK, LIEDBOEK VAN DIE KERK, PSALMS, SKRIFBERYMINGS, GESANGE.

CCLI®, wat vroeër alle lisensiegelede ingevorder het, het sedert 2023 en dus voortaan, die mandaat om slegs FLAM en ander Engelse liedere se gelde in vorder by gemeentes.

Indien u gemeente deelvorm van een van die volgende denominasies is hierdie lisensie betaalbaar soos **per faktuur wat deur Bybel-Media aan individuele gemeentes uitgereik word:**

- **Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK),**
- **Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) en**
- **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).**

In terme van die **NGK** is ooreenkoms in plek met die **Algemene Sinode** (AS). Rakende die **NHKA**, is die ooreenkoms in plek met die **Algemene Kerkvergadering** (AKV). Met betrekking tot die **GKSA**, word die fakture vir die kerkmusieklisensies in oorleg met, en goedkeuring van die **Deputate Gereformeerde Publikasies** uitgereik.

Die volgende denominasies betaal ’n **gesamentlike musieklisensie** soos per ooreenkoms:

- **Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) en**
- **Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EGK).**

Gemeentes van die laasgenoemde twee denominasies ontvang dus nie individuele fakture van Bybel-Media nie.

Sal u asseblief die kerkmusieklisensie-faktuur betyds betaal?

- **Indien u nie ’n faktuur ontvang het nie,** stuur asseblief ’n e-pos aan Hannelie (hannelie@bmedia.co.za) of skakel 021 864 8200.

Traxtudio® is a registered trademark. CML® is a registered trademark.

- **Indien u reeds die faktuur betaal het,** stuur asseblief ‘n bewys van betaling aan Hannelie (hannelie@bmedia.co.za).
- **Indien u van mening is dat u gemeente se lisensie nie nou al betaalbaar is nie,** stuur asseblief ’n e-pos na support@churchmusiclicensing.co.za
- Nadat u die lisensie betaal het sal u ook toegang verkry tot die Missio-platform (www.missio.org.za).
- Indien u probleme ondervind om aan te teken, stuur gerus ’n e-pos aan ilse@bmedia.co.za.

Let asseblief op die volgende feite:

- Hierdie lisensie is verpligtend ingevolge die Wet op Kopiereg 98 van 1978 (soos aangepas) en die betaling daarvan is dus nie-onderhandelbaar nie.
- Laat- of wanbetaling konstitueer dat die gemeente die intellektuele eiendom van Bybel-Media buite die parameters van die wetgewing gebruik.
- Daar is by sommige gemeentes vrae rondom waarom Bybel-Media hierdie lisensie hef. Die antwoord is eenvoudig: Bybel-Media is die wettige eienaar van die intellektuele eiendom deurdat Bybel-Media al die drukname van NG Kerk Uitgewers vir etlike miljoene rande moes koop van NASPERS.
- Daar bestaan dus geen twyfel oor die eienaarskap van intellektuele eiendom ingevolge *inter alia* die bostaande wet nie.
- Verder moet Bybel-Media ook ingevolge wetgewing tantieme, waar van toepassing, uitbetaal aan skrywers en ander uitgewers vir die gebruik van hul intellektuele eiendom.

Deur te verwys na die onderstaande video, kan u seker maak of u gemeente ‘n CCLI-lisensie hoef uit te neem. **Nie alle gemeentes word verplig om ‘n CCLI-lisensie ook uit te neem nie.** Indien u, of u gemeente egter enige vrae het rakende hoe die lisensie werk, of waarom dit betaal moet word, sien asseblief die volgende video: https://youtu.be/MXBe0vu2XO4. Indien u gemeente bewus geword het van die feit dat u nie meer die CCLI-lisensie hoef te betaal nie, stuur asseblief ’n e-pos aan Glenda Bergsteedt (gbergsteedt@ccli.com).

Indien u steeds onseker is of u (NGK- of NHKA-) gemeente die lisensie van Bybel-Media moet betaal, vra u orrelis of musiekleier of u ondermeer die volgende liedere sing: *Stille Nag, Kom alle getroues, Welkom o stille nag van vrede (Somerkersfees), Soos ‘n wildsbok.* Daar is om en by 1500 ander Afrikaanse werke wat by hierdie lisensie ingesluit word, waar van toepassing. Indien u gemeente dus diesulke werke sing, word u verplig om die lisensie aan Bybel-Media te betaal.

Vriendelike groete en seënwense,

Dr. Riaan Steyn
namens Church Music Licensing (CML®) en Bybel-Media Handel NPC
ONGETEKEN WEENS ELEKTRONIESE VERSENDING.